1938 Olie op doek.



BLADSY 4

GEORGES ROUAULT (1871 – 1958)
"CHRISTUS"

Deurdeur sy lang kreatiewe loopbaan het die skilder Georges Rouault ietwat van 'n primitiewe, eenvoudige en effens naïewe kunstenaar gebly. Hy was diep godsdienstig, sterk emosioneel en besonder moralisties van aard. Hy het gestam uit 'n familie van vakwerkers, en was as jong man 'n leerling by 'n kleurglaskunstenaar. Die kleurglas — of loodglasteniek — waar elke stukkie helder glas met swart lood omraam is, is bespeurbaar in die meeste van Rouault se skilderye, waar die helder kleurpatrone met swart lyne omring word en waardeur die skildery gestruktueer word.

Teen 1903 het Rouault se kuns, soos dié van baie van die groot kunstenaars van sy tyd (byvoorbeeld Matisse en die 'jong rebelle' wat hom omring het), baie sterker emosioneel en ekspressief begin word. Onder die invloed van die Katoliewe skrywer Léon Bloy, het hy religieuse onderwerpe vir kuns begin soek, veral om sy ontsteltenis en walging oor die euwels van die bourgeois selftevredenheid mee uit te beeld. Sy uitbeelding van prostitute en kabaretdanseresse is gevul met walging, terwyl die tragiese, verwronge gesigte van sy sirkusnarre deel was van sy veroordeling van 'n verrotte samelewing. Net so was sy karikatuuragtige uitbeeldings van korrupte regters, advokate en politieke figure sterk veroordelend.

Tog merk ons in al hierdie hoogs emosionele werke 'n deernis, 'n vergewende liefde vir die gevalle mens, en daaruit blyk sy deurlopende Christelike houding teenoor die wêreld.

In die begin was sy uitbeelding van die Christusfiguur deurgaans dié van die Man van Smarte. Teen 1943 begin hy egter toenemend onderwerpe uit die Bybel in sy skilderye gebruik: die kruisiging, Christus en sy dissipels en ander tonele uit Christus se lewe. Die figure in sy landskappe het alhoemeer religieuse konnotasies begin kry.

In ons skildery van 1938 is die verf weer laag op laag aangewend, met die skerpste kleure, naamlik geel en rooi, heel onder sodat dit deurskemer in die verf wat bo-oor in swaar lae aangebring is. Die swart omlyning gee groter glans aan die kleure terwyl dit terselfderyd die werk sterk struktureer.Die figuur word uitgebeeld teen 'n agtergrond van die blou-groen see, wat die warm kleure van die kop en liggaam nog sterker maak. Moontlik verwys die see na gebeure uit Christus se lewe. Links is blykbaar 'n vuurtoring (simbool van Christus wat lig aan die wêreld bring?) en regs is 'n klein bootjie (simbool van die mens wat dobber op die see van die lewe?). Die rooi son is dramaties, simbolies van die tragiese kruisigingsdag, want Christus dra nog die doringkroon en die rooi mantel. Dit dui ook op Christus se bloed wat vir die mens gestort is. Die uitdrukking op Christus se gesig, die donker oë, toon sy deernis met die mens, terwyl hy sy marteldood gelate verdra. Dit is asof hy persoonlik tot die toeskouer spreek. Die verfaanwending, die rou teksture, verhoog die drama van die werk, 'n werk wat seker een van die meer passievolle skilderye van die lyding van Christus in die geskiedenis van die skilderkuns is.

Alhoewel Rouault nooit die gees van die morele verontwaardiging wat reeds in sy vroeë werke — vol venynige satire van die gevalle mens — na vore gekom het, laat vaar het nie, is daar 'n kalmte en die gevoel van hoop in sy latere, meer religieuse skilderye aanwesig. Hy word dan ook as een van die weinig werklik religieuse kunstenaars van die twintigste eeu beskou.

— ALBERT WERTH

BLADSY 5